Hoe kan jy 'n klag oor jou kredietverslag of kredietinligting aanmeld?

Ons het DRIE STAPPE om klagtes uit die weg te ruim. As jy dié stappe volg, sal jou klagtes aandag kry:

> *Stap Een*

Skakel die Kredietburo:

Skakel dieselfde kredietburo wat jou kredietverslag uitgereik het.

TransUnion
Inbelsentrum: 0861 482 482

Experian S.A.
Inbelsentrum: 0861 105 665

Xpert Decisions Systems (XDS)
Inbelsentrum: 011 645 9100

Micro Lenders Credit Bureau (Microlending)
Inbelsentrum: 0861 287 328

Compuscan (Microlending)
Inbelsentrum: 0861 514 131

Consumer Profile Bureau
Inbelsentrum: 011 278 3800

KreditInform
Inbelsentrum: 011 777 2700

LexisNexis Risk Management
Inbelsentrum: 021 565 9700

As jou klag **nie opgelos is nie,** gaan oor tot Stap Twee!

> *Stap Twee*

Skakel die Kredietinligtingombudsman

Die Kredietinligtingombudsman kan help en die kredietburo opdrag gee om aandag aan jou klag te gee.

Kredietinligtingombudsman
Inbelsentrum: 0861OMBUDS (0861 662837)
Faks: 086 688 6976
e-pos: ombud@creditombud.org.za

> *Stap Drie*

Skakel die NKR.

Die NKR sal die aangeleentheid ondersoek en seker maak dat dit opgelos word.

Nasionale Kredietreguleerder (NKR)
Inbelsentrum: 0860 627 627 (0860 NCR NCR)
e-pos: complaints@ncr.org.za
www.ncr.org.za

Verbruikers is geregtig op een gratis kredietburoverslag per jaar.

Hoe kan jy 'n klag oor jou kredietrekord of inligting aanmeld?

* Belangrike Definisies

Ongunstige verbruikersinligting sluit in:

- Klassifikasies van verbruikersgedrag soos 'agterstallig', 'wanbetaling', 'stadige betaler', 'voortvlugtig' of 'nie bereikbaar nie'.
- Klassifikasies rakende afdwingingsoptrede soos 'oorhandig vir invordering of verhaling', 'regstappe', of 'afgeskrywing'.

Dormante rekening:

- Dit is 'n rekening waarvoor geen betaling van die verbruiker ontvang is nie of waar geen afdwingingsoptrede deur die kredietverskaffer gedoen is nie.
- Dit sluit kredietfasiliteite uit, asook enige rekeninge waar daar geen kontraktuele vereiste vir maandelikse betalings is nie.

Belangrike definisies rakende sekere verbruikerskredietinligting

NCR
National Credit Regulator

Your rights
Cleaning up your Credit Bureau Record

Afrikaans

Op 1 Junie 2006 het die Nasionale Kredietwet in werking getree en is die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) ingestel. Die NKR is verantwoordelik vir die regulering van die kredietmark en die toepassing van die Wet.

Die Wet reguleer kredietburo's en kredietinligting. Verbruikers is geregtig op 'n gratis kredietburoverslag een keer per jaar. As daar enige inligting in die verslag is wat nie korrek is nie, kan verbruikers van die kredietburo vereis om die foutiewe inligting te verwyder of reg te stel. Die kredietburo mag nie die betwiste inligting vertoon voordat dit geverifieer is nie.

A. Artikel 73-regulasies

Artikel 73 van die Wet maak voorsiening vir 'n eenmalige verwydering van sekere kredietburo-inligting. Die regulasies is gemik op die hantering van die kommer wat lede van die publiek uitgespreek het oor onakkurate data en die negatiewe uitwerking wat insluiting op die swartlys op die ekonomiese vryheid van verbruikers het.

Die regulasies is op 1 Desember 2006 afgekondig, en dit maak voorsiening vir die verwydering van:

1. Inligting op dormante rekeninge;
2. Ongunstige of negatiewe rekords;
3. Vonnisse deur siviele howe.

Meer besonderhede van die inligting wat verwyder kan word, verskyn in afdeling B van hierdie brosjure. Die definisies van ongunstige verbruikerskredietinligting en dormante rekeninge verskyn aan die einde van die brosjure.

As die inligting van kredietburo's foutief is, kan jy van die kredietburo vereis om dit reg te stel.

Agtergrond: die Nasionale Kredietwet

B. Watter kredietinligting kan deur kredietburo's uit jou kredietrekords verwyder word?

Die volgende kategorieë inligting moet voor 1 Junie 2007 uit kredietburo's se rekords verwyder word:

1. Ongunstige verbruikerskredietinligting ten opsigte van skuld van minder as R500*.
2. Verbruikerskredietinligting rakende rekeninge wat op 1 September 2006 al vir 'n tydperk van minstens 24 maande dormant was*.
3. Vonnisse van siviele howe:
   a) van tot R500 (behalwe as 'n verbruiker meer as twee onbetaalde vonnisse het);
   b) van tot R5 000 as die vonnis ouer as 18 maande is (behalwe as die verbruiker meer as twee onbetaalde vonnisse op sy of haar rekord het).
4. Vonnisse van tot R50 000 as die vonnisbedrag teen 1 September 2006 betaal was.
5. Vir vonnisse van tot R50 000 wat op 1 September 2006 onbetaal was, het die verbruiker tot 1 September 2007 om die vonnisbedrag te betaal en bewys van betaling aan 'n kredietburo voor te lê.

Let op dat hierdie inligting soos op 1 September 2006 op jou rekords moes verskyn het om in een van bogenoemde kategorieë te kan val en sodat die kredietburo's dit teen 1 Junie 2007 kan verwyder.

** Raadpleeg die definisies aan die einde van die brosjure.*

Watter inligting kan uit kredietrekords verwyder word?

Sodra die kredietburo inligting soos hierbo gemeld verwyder het, moet hy alle ander geregistreerde kredietburo's daarvan in kennis stel, wat ook enige soortgelyke inligting uit hulle rekords moet verwyder.

Kredietburo's ontvang kredietinligting van kredietverskaffers. Hulle hou rekord van jou kredietgeskiedenis, en hulle moet jou help om inligting wat nie akkuraat is nie, reg te stel.

As die kredietburo nie die betrokke inligting verwyder nie, moet die verbruiker 'n klag by die kredietburo indien. As die inligting steeds nie verwyder nadat die verbruiker 'n klag by die kredietburo ingedien het nie, kan die verbruiker die NKR of die Kredietinligtingombudsman skakel.

C. Hoe kan jy seker maak dat die inligting by kredietburo's akkuraat is?

Tot 1 September 2007 kan jy 'n gratis kredietverslag net in jou geboortemaand kry. Daarna is elke verbruiker geregtig op een gratis verslag per jaar enige tyd van die jaar.

Verdere kredietverslae kan van 'n kredietburo verkry word teen 'n koste van hoogstens R20.

D. Waarom is dit belangrik om jou kredietrekord na te gaan?

Dit is belangrik om jou kredietrekord te kry sodat jy kan seker maak dat die inligting wat die kredietburo het, korrek is.

As die inligting nie korrek is nie, kan jy van die kredietburo vereis om dit reg te stel.

Jy kan ook jou persoonlike besonderhede regstel indien dit verander het.

Hoe kan jy seker maak dat die inligting wat die kredietburo oor jou het, akkuraat is?